© Kopiereg

Conquesta 2014

(Internasionale Meervoudige-keuse Primêre Skool Olimpiades – Gev. 1998)
Conquesta, Posbus 99, Kloof, 3640, Suid-Afrika
Tel: (031) 764-1972 * Faks: (086) 637-7808 of (031) 764-0074
E-Pos adres: conquest@iafrica.com * Webtuiste: www.conquestaolympiads.com



Sosiale Wetenskappe – Graad 5

Welkom by jou Conquesta Olimpiade. Wanneer jy besluit het watter van die antwoorde die korrekte een is, krap die letter op die ooreenstemmende blokkie op jou antwoordvel dood deur **SLEGS** 'n **swart of blou balpunt– of swart kokipen** te gebruik. *(Moet asseblief nie potlode, kleurpotlode, glimpenne, flaterwater of gom gebruik nie.)* Byvoorbeeld, as die antwoord op vraag 4 c is, krap die letter c in die blokkie wat c langs nommer 4 bevat, dood. *(Sien voorbeeld 1 hieronder.)* Indien 'n leerder 'n fout maak en eerder b as die antwoord wil merk, moet c netjies doodgetrek word en b gemerk word *(Sien voorbeeld 2 hieronder.)*

Voorbeeld 1:-

4.	a	b	c	d

Voorbeeld 2:-

4.	a	b	c	d

Antieke Egipte

Howard Carter, 'n argeoloog, het geglo dat Koning Toetankamen onder die Vallei van Konings begrawe was. Toetankamen was maar nege jaar oud toe hy farao geword het. Hy was 18 jaar oud toe hy oorlede is. In 1914, met die ondersteuning van sy Britse weldoener, Lord Carnarvon, het Carter met sy soektog begin. In November 1922, gedurende die laaste seisoen van Lord Carnarvon se ondersteuning, het Carter se geluk gedraai. Sy Egiptiese arbeiders het 'n reeks trappe blootgelê wat na 'n verseëlde deur gelei het.

In antieke Egipte is baie tombes soos huise gebou, van gedroogde kleibakstene en klip. Enigiemand kon 'n tombe vir hulself en hul gesin bou. Lank voor hulle dood is, het die antieke Egiptenare voorwerpe begin maak om binne hul tombe te plaas. Hierdie voorwerpe is grafgoedere genoem.

Hulle het poppe en mandjies en juweliersware en standbeeldjies van werkers en allerlei dinge gemaak. Teen die tyd wat hulle dood is, was hul tombe vol wonderlike herinneringe aan hul lewe in Egipte, saam met miniatuurgrootte voorwerpe wat hulle in die hiernamaals mag benodig.

1. **Hoeveel jaar het dit Howard Carter geneem om die tombe van Toetankamen bloot te lê?**
   (a) 8 jaar (b) 9 jaar (c) 10 jaar (d) 12 jaar

2. **Wat is 'n ander naam vir 'n weldoener?**
   (a) Onderwyser (b) Kollega (c) Borg (d) Vennoot

3. **Wat was die ware doel met die bou van 'n tombe in antieke Egipte?**
   (a) Om grafgoedere soos poppe te maak. (b) Om herinneringe vir die oorledene te maak.
   (c) Om 'n plek vir die mense in die hiernamaals voor te berei. (d) Om die dooies besig te hou binne die tombe.

Dit was byna drie weke na die eerste trap gevind is, dat Carter kon voortgaan. Uit die hiëroglifiese skrif op die mure, het Howard Carter presies geweet wie binne die tombe begrawe was. Hy het ook 'n soliede goue masker binne die tombe gevind, ontwerp soos die farao se gesig.

Carter het kamers vol skatte gevind. Dit het ingesluit standbeelde, goue juwele, Toetankamen se mummie, strydwaens, modelbote, kanopiese kruike, stoele en skilderye. Dit was 'n verstommende ontdekking en een van die belangrikstes wat in die geskiedenis van argeologie gemaak is. Daar was altesaam meer as 5 000 voorwerpe in die tombe. Dit het Carter en sy span tien jaar geneem om alles te katalogiseer.

Die artefakte in Toetankamen se tombe het argeoloë en wetenskaplikes baie vertel oor antieke Egipte se daaglikse lewenswyse. Baie mense vanoor die wêreld het begin belangstel om meer oor antieke Egipte te leer vanweë die opwindende ontdekking van 'n antieke tombe vol skatte.

Pas die woorde in (a) – (d) by hul beskrywings in vrae 4 – 7.

(a) Mummie (b) Kanopiese kruik (c) Hiëroglief (d) Strydwa

4. **Prentjieskrif van antieke Egipte.**

5. **Gepreserveerde liggaam.**

6. **Houer waarin die inwendige organe van 'n liggaam bewaar word.**

7. **Vervoermiddel.**



8. **Wat bestudeer 'n argeoloog?**
   (a) Hoe mense in die verlede gelewe het.
   (b) Antieke plante en beendere van diere.
   (c) Antieke geskrifte.
   (d) Die struktuur van die aarde.